

9. Twee soorte konings in Juda

1 Konings 22: 41 - 51 en
2 Konings 8: 16 tot 2 Konings 16: 20

God is regverdig

Juda het goeie en slegte konings. God gee die goeie konings voorspoed. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- 'n Land kan 'n goeie óf 'n slegte regering hê.
- God seën die leiers wat aan Hom gehoorsaam is.
- God straf die leiers wat aan Hom ongehoorsaam is.

Josafat - koning van Juda

Ons het met die geskiedenis van Juda opgehou by die regering van koning Asa. In Juda regeer die nakomelinge van Dawid en Salomo. Jerusalem is Juda se hoofstad. Nie al Juda se konings is egter gehoorsaam aan die Here nie, want hulle dien ook afgode. Daarom praat ons van twee soorte konings in Juda: konings wat die Here wil dien en konings wat aan die Here ongehoorsaam is.

Josafat, die seun van Asa, het die Here lief. Hy roei, soos sy pa Asa, die afgode uit.⁵³ Verder stel hy geregshowe in en laat die Leviete toe om oor die volk reg te spreek. Josafat tref belangrike maatreëls om sy volk in die regte spore te hou. Een daarvan is dat hy sy volk in die wet laat onderrig. Hy bring ook 'n sterk leërmag op die been. Josafat reis self deur die land en vermaan die volk om die Here te dien. Hy sluit ook vrede met Israel en gaan selfs só ver dat hy sy seun Joram laat trou met Atalia, die dogter van die goddelose Agab, wat toe koning van Israel was.

Josafat sluit 'n verbond met Agab

Toe Agab bedreig word deur die Siriërs, het hy dus met die grootste vrymoedigheid sy swaer Josafat om hulp gevra. Die profeet Jehu het hulle kom waarsku, maar tog het hulle na Ramot opgetrek waar Agab aan sy einde

53 1 Kon. 15: 11 En Asa het gedoen wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Dawid

gekom het. By sy terugkeer in Juda berispe Jehu die koning streng omdat hy nie ag gegee het op God se boodskap nie. Josafat het 'n verkeerde vriendskap gesoek. Dit was 'n misstap van 'n vroom koning. Daar is verskil tussen 'n misstap en 'n geheel en al verkeerde lewensrigting. Dit erken die siener met die woorde: Tog is daar goeie dinge by u gevind!

Dié neerlaag het ook ander gevolge gehad. Voorheen was Josafat 'n geëerde, gevreesde en baie voorspoedige koning, sodat selfs die Arabiere en Filistyne in sy goeie boekies probeer kom het. Ná die slag by Ramot het die inwoners van Ammon, Moab en die gebergte van Seir opstandig geraak. In groot getalle het hulle opgeruk om die land binne te val. Josafat besef dat sy leer nie opgewasse is teen die vyand nie, en daarom raadpleeg hy God.

Josafat

In gevalle van nood en gevaar, ramp en oorlog, word 'n vasdag uitgeroep, sodat die volk hulle kan verootmoedig voor die Here en sy hulp kan afsmeek. Die Verbondsgod antwoord dat Josafat hom nie hoef te bekommer nie, want dit is nie sy saak nie, maar die saak van God. God hou die verbond waarop Josafat gepleit het. Juda hoef nie eens te veg nie. Hulle kan maar net die redding wat die Here sal gee, aanskou. In dankbare aanbidding buig koning en volk voor die Here, en die Leviëte prys God omdat Hy beloof het om hulle te help.

Ondertussen het daar tweedrag onder die geledere van Ammon, Moab en Seir ontstaan, en dit het uitgeloop op 'n hewige geveg. Toe Josafat op die toneel verskyn, is die slag al verby. Drie dae lank samel Josafat en sy manskappe die buit in en op die vierde dag loof en prys hulle die Here. Daarom het hulle die plek Lofdal genoem. Aangesien Josafat soos sy vader Dawid aan die Here gehoorsaam is, seën die Here hom deur sy koninkryk sterk te maak.

Joram - koning van Juda

In die 25 jaar wat Josafat regeer, gaan dit goed met Juda. Die land is voorspoedig en vooruitstrewend. Hy het egter een groot fout begaan en dit is toe hy toestemming gegee het dat sy seun Joram met Atalia uit die huis van die goddelose Agab en Isebel trou. Atalia aard baie na haar ma en gou het Joram onder haar invloed gekom, nie alleen op politieke gebied nie, maar ook op godsdienstige gebied.

Joram van Juda regeer gelyktydig met Joram van Israel. Hulle is ook swaers. Joram van Juda word deur sy familie beïnvloed om verkeerde dinge te doen. Baie gou het hy net soos hulle ook die Baäldiens in Juda ingevoer. Joram van Juda is in hierdie opsig meer goddeloos as Joram van Israel. Tekenend daarvan is dat Joram van Juda, toe hy koning word, al sy broers en van die owerstes wat hy nie kon vertrou nie, vermoor. Onder sy regering vier die afgodediens hoogty. Die gebiede wat sy pa verower het, begin nou die een na die ander opstandig raak en eis hulle onafhanklikheid. Só slaag onder andere die Edomiete en die stad Libna daarin om hul onafhanklikheid te verkry. Die Filistyne, Arabiere en Kusiete val ook Jerusalem binne en rig groot skade aan. Baie vroue en kinders word weggevoer. Ook die seuns van die koning word weggevoer en om die lewe gebring. Net Ahasia sy jongste seun, bly oor.

Agt jaar nadat Joram koning geword het, sterf hy aan 'n vreeslike siekte van die ingewande. Dit gebeur presies soos die profeet Elia voorspel het in 'n brief wat hy voor sy dood geskryf het.⁵⁴ Met sy begrafnis bewys die volk geen eer aan hom nie, nie eens die gebruikelike brand van duur speserye nie.

Ahasia - koning van Juda

Ahasia volg sy pa as koning op. Hy verkeer heeltemaal onder sy ma, Atalia, se invloed en dien saam met haar die Baäls. Toe haar broer, Joram van Israel, planne beraam om teen Hasael oorlog te voer, oorreed Atalia haar seun om sy oom te gaan help. Gedurende die slag wat volg, word Joram verwond. Daarom vertrek hy na Jisreël om daar te herstel. Ná 'n tyd gaan Ahasia, die koning van Juda, ook daarheen om na sy welstand te verneem.

In albei se afwesigheid van die slagveld word Jehu tot koning gesalf. Hy ontvang die opdrag om die hele huis van Agab uit te roei. Jehu vertrek ook na Jisreël om Joram daar om die lewe te bring. Ook Ahasia word ernstig verwond. Ahasia slaag egter daarin om te perd na Megiddo te vlug. Daar spoor die soldate van Jehu hom op en bring hom om die lewe.

54 2 Kron. 21: 12 - 15 Toe kom daar 'n brief van die profeet Elia by hom aan om te sê: So spreek die HERE, die God van u vader Dawid: Omdat u in die weë van u vader Josafat en in die weë van Asa, die koning van Juda, nie gewandel het nie, maar gewandel het in die weg van die konings van Israel en Juda, en die inwoners van Jerusalem laat hoereer het volgens die hoererye van die huis van Agab, en selfs u broers, die huis van u vader, vermoor het, wat beter was as u - kyk, die HERE sal 'n groot plaag stuur onder u volk en onder u seuns en onder u vroue en onder al u goed, en u self sal aan baie siektes ly, aan 'n siekte van u ingewande, totdat u ingewande vanweë die siekte uitkom, jare lank.

Aangesien Ahasia net soos die konings van Israel God verwerp het, sterf hy nie in sy eie land nie maar in Israel. Daarmee gaan die oordeel oor die huis van Agab in vervulling.⁵⁵ Dit was so deur God beskik. Die soldate van Jehu gee Ahasia se lyk aan sy dienaars. Hulle neem sy lyk na Jerusalem waar hy by sy vaders begrawe is. Dat Jehu Ahasia ook doodmaak, is te verstane. Hy het nie alleen Baäl gedien nie, hy was ook 'n kleinseun van die goddelose Agab.

Atalia regeer in Juda

Ná Ahasia se dood regeer Atalia, Ahasia se ma, ses jaar lank in Juda. Sy het dadelik al haar kleinkinders en ander moontlike troonopvolgers van Ahasia om die lewe gebring. Met hierdie gruweldaad oortref Atalia haar ma Isebel, wat nie haar eie kleinkinders vermoor het nie. Ahasia se eenjarige seuntjie, Joas, word egter deur sy tante, wat met die hoëpriester getroud is, weggesteek. Ses jaar lank het hulle hom versorg en opgevoed.

Na verloop van ses jaar, besluit die hoëpriester, Jojada, dat die tyd ryp is om van Atalia se heerskappy ontslae te raak. Hy beveel alle tempelwagte en simpatiekgesinde soldate van die koninklike lyfwag om by die tempel byeen te kom. Aan die wat nie hul wapens saamgebring het nie, gee hy van die wapens wat Dawid aan die Here gewy het. Nadat Jojada Joas tot koning gesalf het, roep almal uit: "Mag die koning lewe!" Atalia, wat die lawaai gehoor het, raak bang en gaan dadelik na die tempel om ondersoek in te stel. Daar neem Jojada haar gevange. Die soldate bring haar buite die tempel om die lewe.

Joas - koning van Juda

Onder die invloed van die hoëpriester Jojada dien Joas die Here getrou. Hy laat selfs die tempel opknop en herstel. Om fondse vir die werk in te samel gee Joas opdrag om 'n kis buite die tempel neer te sit, sodat die persone wat daar verby loop, hul bydraes daarin kan gooi. Baie persone doen dit en die werk is gou afgehandel.

55 1 Kon. 14: 10 en 11 kyk, daarom bring Ek onheil oor die huis van Jerobeam en sal van Jerobeam uitroei al wat manlik is in Israel, sonder uitsondering; en Ek sal die huis van Jerobeam skoon weggee soos 'n mens drek weggee totdat daar niks van oor is nie. Die een wat van Jerobeam in die stad sterwe, hom sal die honde eet; en wat in die veld sterwe, sal die voëls van die hemel eet, want die HERE het dit gespreek.

Toe Jojada op 130 jarige ouderdom sterf, laat Joas hom in die graf van die koning begrawe as huldeblyk aan sy beskermmer. Kort ná Jojada se dood, begin Joas egter afgode dien, en toe Sagaria, die seun van Jojada, hom daarvoor berispe, vererg Joas hom bloedig en laat hy hom stenig. Terwyl hy sterf sê hy: “Mag die Here dit sien en rekenskap vorder.”

Die Here straf Joas deur Hasael, die koning van Damaskus, na Juda te stuur. Hy neem Jerusalem in en maak baie van die owerstes van die volk dood. Ook Joas word in die geveg gewond en daarna deur twee van sy diensknegte vermoor. Só het koning Joas 'n droewige einde gehad. Sy seun Amasia volg hom op as koning.

Amasia - koning van Juda

Amasia doen wat reg is in die oë van die Here, maar nie heeltemal nie. Eers bring hy die moordenaars van sy pa om die lewe en daarna wil hy optrek na Edom om dit weer aan Israel te onderwerp. Hy is bang om Edom op sy eie aan te durf en huur daarom 100 000 soldate van Israel. 'n Man van God kom egter na hom toe en versoek Amasia om alleen teen Edom op te trek. Aangesien hy reeds die huursoldate van Israel betaal het, is hy huiwerig om dit te doen, maar later gee hy hulle wel die opdrag om na Israel terug te keer. Die huursoldate van Israel is baie ontevrede hieroor.

Terwyl Amasia teen die Edomiete veg en groot oorwinnings behaal, keer die Israelitiese soldate terug en plunder die stede van Juda. Toe Amasia as die oorwinnaar uit Edom terugkeer, bring hy ook afgode uit Edom saam wat hy later self begin aanbid. Voordat die Here hom straf, stuur God eers nog 'n profeet om Amasia op sy goddelose optrede te wys. Hy is dwaas, want die gode van Edom kan nie eers hulle eie volk beskerm nie, hoe sal hulle hóm dan kan beskerm. Amasia wil nie na die profeet luister nie. Hy val hom in die rede en sê dat hy sy raad en bemoeienis nie nodig het nie. Wat hy wel wil doen, is om wraak te neem teen die Israeliete vir hul vernielsugtigheid teen Juda. Alhoewel Joas, die koning van Israel, hom deur middel van 'n gelykenis waarsku dat hy dit nie moet doen nie, is Amasia hoogmoedig ná sy groot oorwinning oor Edom en wil dus nie na hom luister nie.

Toe die oorlog tussen Israel en Juda uitbreek, verslaan die Israeliete die magte van Amasia. Daarna beroof Joas se soldate die tempel van die Here. Hulle neem Amasia in hegtenis maar laat hom later wees vry. Sy eie mense smee 'n komplot teen hom en toe hy probeer vlug, vang hulle hom en bring hom om die lewe. Sy begrafnis is eervoller as sy pa s'n. Sy lyk word op 'n wa met perde na Jerusalem vervoer en daar word hy by sy vaders begrawe.

Ussia - koning van Juda

Ussia, ook genoem Asarja, is maar 16 jaar oud toe hy die koningskap van Juda by sy pa Amasia oorneem. Hy dien die Here met sy hele hart en lei sy volk weer terug na die Here. Hierin word hy bygestaan deur die profeet Sagaria. Ussia is baie voorspoedig. Dit veroorsaak ongelukkig dat hy hoogmoedig raak. Hy wil self aan die Here in die Heilige van die tempel gaan offer, waar alleen die priesters mag kom.⁵⁶ Toe die hoëpriester Asarja hom wil keer, word hy baie kwaad.

Terwyl hy met die wierookpan in sy hand staan om te offer, word hy skielik melaats. Ussia besef dat hy nou nie langer in die tempel mag wees nie en gaan gou na buite. Vir die res van sy lewe moet hy in afsondering leef terwyl sy seun Jotam as koning waarneem.

Jotam - koning van Juda

Jotam regeer eers namens sy pa oor Juda en later nog drie jaar ná sy pa se dood. Omdat hy nie afgode dien nie, is hy 'n baie voorspoedige koning, net soos sy vader voordat hy hoogmoedig geword het. Jotam self doen wat reg is in die oë van die Here, maar die volk gaan voort om op die hoogtes aan die afgode te offer. Hulle hou nie die hoogtes vry van die Kanaänitiese afgode nie.

Teen die einde van sy regering stuur die Here Resin, die koning van Aram, en Peka, die koning van Israel, om teen Juda te veg. Dit is die begin van belangrike gebeurtenisse wat onder koning Agas, die seun van Jotam, sal plaasvind.

Agas - koning van Juda

Toe Jotam se seun Agas koning oor Juda word, verval hy heeltemal in afgodediens. Hy dien nie alleen Baäl's nie, maar ook die afgod Molog, aan wie hy en sy volk hul kindertjies moet offer. Gedurende sy regeringstyd trek Peka van Israel en Resin van Damaskus op om teen Juda te veg. 'n Groot groep krygsgevangenes van Juda word weggevoer na Damaskus, terwyl 200 000 vroue en kinders as buit na Samaria geneem word. Oded, die profeet, sien hierdie optog en gee aan die Israeliete die opdrag om hulle

⁵⁶ Eseg. 45: 4 Dit moet die heilige plek wees uit die land; dit moet wees vir die priesters wat die heiligdom bedien, wat nader kom om die HERE te dien; en dit moet vir hulle dien as ruimte vir huise en 'n heiligdom vir die heiligdom.

gevangenes vry te laat. Hulle luister na hom en laat hul krygsgevangenes gaan, nadat hulle vir hul kos en klere gegee het.

Die profeet Jesaja sê nou aan Agas dat hy alleen op die Here moes vertrou het en dat die Here dan hierdie twee konings sou verslaan het. Hy kon selfs 'n teken van die Here vra. Agas wil egter nie 'n teken vra nie, want hy vertrou nie op die Here nie. Hy het klaar gesante na Tiglat-Pileser van Assirië gestuur om hulp te vra. Jesaja sê toe vir hom: “Die Here sal self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem.” Hierdie woorde van Jesaja dui ook op die geboorte van die Here Jesus wat Immanuel genoem word.⁵⁷ Immanuel beteken “God met ons”.

Die Assiriërs draai teen Agas

Agas weier om hom tot die Here te bekeer. Hy doen eerder nog meer sondes deur die altaar van die Here uit die tempel te verwyder en in die plek daarvan 'n altaar vir die afgode van Damaskus te bou. Hy sluit ook die Heilige en Allerheiligste van die tempel.

Aanvanklik lyk dit of die koning van Assirië Agas gaan help om wraak teen Israel en Damaskus te neem. Assirië val Israel binne en voer baie inwoners van Israel weg. Daarna trek hulle na Sirië en verower Damaskus. Ná hierdie oorwinnings besluit die Assiriërs egter om ook Juda aan te val. Agas steel al die skatte van die paleis en tempel om as omkoopgeskenk aan Tiglat-Pileser van Assirië te gee, maar dit help nie veel nie. Hulle moet steeds belasting bly betaal en word swaar deur hul eertydse bondgenote verdruk.

Die inwoners van die omliggende gebiede neem hul kans waar en val Juda binne om plundertogte uit te voer. Ná 'n regeringstydperk van ses jaar sterf Agas.

⁵⁷ Matt. 1: 23 Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 92 - 95 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. p. 550 - 562 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 335 - 341 p. en 374 - 380 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. p. 387, 390, 397, 400, 430, 433, 441, 444 - 447 en 452 - 455 p.